**Afrikaans Huistaal** **Graad 9** **Kwartaal 3**

**Hersieningvraestel** **Totaal: 60**

**Eksaminator: Zelda Mans**

---

**Instruksies en inligting:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:
   VRAAG 1 en 2: Leesbegrip
   VRAAG 3: Opsomming
   VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies
2. Beantwoord al die vrae.
3. Let op sinskonstruksie en spelling.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

## VRAAG 1: LEESBEGRIP – LITERÊRE TEKS

Lees die onderstaande koerantberig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### SYLVESTER DIE LEEU WEER TUIS

1 BEAUFORT-WES NUUS – Die toekoms van die leeu wat tussen 5 en 29 Junie die hele land op hol gehad het nadat hy uit die Karoo Nasionale Park ontsnap het, is nog nie heeltemal seker nie.

2 “Hy gaan definitief nie van kant gemaak word nie,” sê Reynold Thakhuli, woordvoerder vir SANParke.

3 Die leeu, wat glo deur boere “Pappa Sylvester” gedoop is, is Maandagmiddag omstreeks vyfuur sowat 20 km van die park af opgespoor.

4 ’n Veearts van SANParke het die drie jaar oue leeumannetjie vanuit ’n SANParke-helikoper met ’n pyl verdoof voordat die leeumannetjie die laaste ent terug park toe in ’n wildnet afgelê het.

5 Intussen word Sylvester in ’n boma van sowat 2 ha aangehou. Hy is van ’n satelliet-nekband voorsien in geval die wanderlust hom weer oorval.

6 “Sylvester gaan in die boma aangehou word totdat ons wetenskaplikes besluit wat die beste vir hom sal wees,” sê Reynold.

7 “Hy gaan nie noodwendig in die park waaruit hy padgegee het, geplaas word nie. Ons neem aan hy is deur die ander leeumannetjies uitgedruk, wat ’n natuurlike proses is.”

8 Twee ouer leeumannetjies is as jong leeus in 2010 na die Karoo Nasionale Park gebring vanaf die Addo Nasionale Park in die Oos-Kaap, waarheen hulle hervestig is uit die Kgalagadi Nasionale Park. Sylvester en sy boetie is in die Karoo Nasionale Park gebore, waar die boetie steeds vreedsaam vertoef terwyl Sylvester nuus gemaak het.

9 “Ons wetenskaplikes is besig om te oorweeg wat met Sylvester moet gebeur, maar voordat hulle nie besluit met inagneming van al die feite nie, kan ons nie sê nie,” sê Thakhuli.

10 “Die leeu het tydens sy omswerwinge van sowat 300 km die afgelope 24 dae aan ander omstandighede gewoond geraak, en indien hy terug geplaas word in die Karoo Nasionale Park kan hy dalk weer die bevlieging kry om te gaan rondloop as die ander leeumannetjies lelik met hom is.”

11 Intussen het Nico van der Walt, hoof van die Karoo Nasionale Park, gesê die rondloper is in goeie kondisie, net ’n bietjie voetseer.

12 Van der Walt en ’n span van die park se veldwagters en spoorsnyers was die hele tyd op die leeu se spoor. Ander instansies het ook spoorsnyers,

soekhonde en ’n verskeidenheid vlieënde tuie tot SANParke se beskikking gestel.

13 Volgens Van der Walt was die reddingspoging dramaties, want die leeu het naby ’n afgrond gelê toe hy verdoof is.

14 “Hy moes op ’n wildnet gelaai word terwyl hy onder verdowing was en sowat 3 m van die afgrond af gelê het. Die helikopter se rotorlemme het feitlik aan die bergwand geraak.”

**Aangepas vanuit: *Oudtshoorn Courant*, 3 Julie 2015**

1.1 Gee die naam van die leeu wat weer tuis is. (1)

1.2 Identifiseer hoe lank die leeu vermis was. (1)

1.3 Wie het vir die leeu sy naam gegee? (1)

1.4 Hoe oud is die leeu wat vermis geraak het? (1)

1.5 Sê of die volgende stelling WAAR of VALS is. Haal ’n gedeelte uit die teks aan om jou antwoord te staaf.

*“Die leeu is nie naby die park gevind nie.”* (2)

1.6 Hoe groot is die boma waarin die leeu in die tussentyd aangehou word? (1)

1.7 Is dit waar dat Reynold Thakhuli die woordvoerder vir SANParke is? Verskaf ’n rede vir jou antwoord. (2)

1.8 Hoe ver het die leeu binne die tydperk gestap? (1)

1.9 Verduidelik hoekom wetenskaplikes nog moet besluit wat die beste vir die leeu is. (2)

1.10 Bestudeer paragraaf 11 en verduidelik wat met Nico van der Walt se woorde bedoel word. (2)

1.11 Wat word met die volgende uittreksel bedoel?

*“Van der Walt en ’n span van die park se veldwagters en spoorsnyers was die hele tyd op die leeu se spoor.”* (1)

1.12 Dink jy die leeu kan blameer word vir die ontsnapping? Motiveer jou antwoord. (2)

1.13 Hoekom, dink jy, moet die leeu eerder nie teruggeplaas word in die park waarvandaan hy ontsnap het nie? (2)

1.14 Wat word met die woord “verdowing” bedoel? (1)

**VRAAG 1: [20]**

**VRAAG 2: LEESBEGRIP – RESENSIE**

Lees die onderstaande resensie en beantwoord die vrae wat volg.

# Jong lesers: *Die leeutemmer se assistent* deur Solet Scheeres en Marjorie van Heerden

***Die leeutemmer se assistent***
**Solet Scheeres en Marjorie van Heerden**
**Uitgewer: LAPA**
**ISBN: 9780799379143**

**Resensie deur: Kaylie Herbst**

Toe ek die boek optel en die interessante prentjies sien, was my nuuskierigheid dadelik geprikkel. Ek is van kleins af lief vir lees, miskien omdat ek en my oupa van kleins af kopstukke kon gesels en navorsing doen oor verskillende goed.

Deesdae het almal van ons tablets, selfone en selfs Facebook en al daai dinge, maar in ’n tyd waarvan ek nog net gehoor het, dis waar jy die Leeutemmer sal ontmoet ...

Ek was nog nooit by ’n regte sirkus nie, maar hierdie boek het my geneem na ’n tyd lank terug toe sirkusse van die belangrikste besoekers aan die klein dorpies was. Ek het nooit geweet dat ’n hele sirkus per trein van plek tot plek getrek het nie – dis ongelooflik!

Die hoofkarakter, Martjie, neem ons op ’n wonderlike avontuur. Saam ontmoet ons die hoof van die sirkus, leer van die sterkste man in die wêreld en ook van Tiekie die nar. Mister Pagel was die baas van die sirkus en sy vrou, Madam Pagel, het sommer met ’n mak leeu as ’n passasier in haar motor gaan inkopies doen. Verbeel jou dit, hierdie vrou met haar klein, skerp tong en groot verehoed ... en ’n leeu wat in die passasiersitplek sit! Ek sou haar nogal graag wou ontmoet. Arme Martjie was gereeld in die moeilikheid en Mev Pagel het sommer haar naam verander na Marcozee!

Martjie moes baie dinge trotseer, selfs eenkeer skelms wat haar gebruik het om dinge te doen wat haar in die tronk kon laat beland het. Sy het ook, te danke aan haar nuuskierigheid, eendag binne ’n leeu se krat geëindig!

Dit verseker ek jou, as jy eers hierdie boek begin lees, gaan jy dit nie kan neersit nie. Daar is selfs ’n bietjie romanse ook net om jou hart te laat vinniger klop. Kom beleef die sirkus soos jy dit nog nooit gesien het nie – jy sal voel of jy daar is!

**Bron:** https://www.litnet.co.za/jong-lesers-die-leeutemmer-se-assistent-deur-solet-scheeres-en-marjorie-van-heerden/

2.1 Wie is die skrywer van die resensie? (1)

2.2 Lei af watter verteller aan die woord is in die resensie. (1)

2.3 Watter aanduiding is daar dat die resensent van die interessante prentjies gehou het? (1)

2.4 Gee ’n voorbeeld van ’n prent wat moontlik in die boek kon verskyn. (1)

2.5 Hoe, dink jy, sal jy reageer as jy voor ’n leeu te staan kom? (1)

2.6 Gebruik die laaste paragraaf en verduidelik hoe die resensent dit regkry om die leser te laat voel dat daar direk met hom/haar gepraat word. (1)

2.7 Wat is die twee ooreenkomste tussen die tekste in VRAAG 1 en VRAAG 2? (2)

2.8 Is die troetelnaam “Pappa” (in die boonste teks) letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik waarom jy so sê. (2)

**VRAAG 2: [10]**

**VRAAG 3: OPSOMMING**

Lees die onderstaande teks deur en voer dan die onderstaande instruksies uit. **[10]**

**INTSRUKSIES**

1. Som SEWE wenke op wat jy tydens jou jeug moet onthou.

2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.

3. Nommer die wenke van 1 tot 7.

4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.

5. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

**TEKS: WENKE WAT JY TYDENS JOU JEUG MOET ONTHOU**

Sommige tieners oorlaai hulself met té veel werk en aktiwiteite. Hulle het dan nie tyd om net jonk te wees en die lewe te geniet nie. Dit is jare wat jy nooit weer gaan terugkry nie.

Die slegte ding van jonk-wees is as jy klomp vriende het met wie jy jouself konstant vergelyk. Moenie! Aanvaar jouself net soos wat jy is, die lewe is hopeloos te kort. Elkeen is uniek en besonders.

Tieners moet ook nie dat groepsdruk hul onderkry nie. Slegte besluite soos rook en drink kan hulle lewens sleg beïnvloed. Hulle sal spyt wees oor die keuses wat hulle gemaak het.

Eers as tieners oud is, besef hulle die waarde van hulle ouers. Hulle besef dan dat hulle ouers net die beste vir hulle wou hê.

Verhoudings en vriendskappe is baie belangrik. Tieners moet hulle jeug gebruik om tussen ware en vals vriende te onderskei. Hulle moet ook leer hoe om goeie en gesonde verhoudings te bou!

Daar word gesê: “As jy droom, lewe jy twee keer.” Tieners moet groot droom en aan hulle toekoms dink. As hulle weet wat hulle droom is, kan hulle doelwitte stel om dit te bereik. Niks is onmoontlik nie.

Foute moet as waardevol bestempel word. Tieners het insig nodig. Hulle kan waardevolle lesse leer as hulle foute maak.

**VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN - KONVENSIES**

**TEKS A: ARTIKEL**

4.1 Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Kry hierdie maand gratis toegang tot Suid-Afrikaanse Nasionale Parke**

1 Suid-Afrikaanse Nasionale Parke-week gee jou <u>gratis</u> toegang tot die meeste van die lant se parke van 12 tot 16 September.

2 Van 12 tot 16 September sal die meeste van ons 21 nasionale parke daagliks oop wees vir dagbesoekers. Dit is om plaaslike besoekers aan te moedig om hul omgewing te ontdek.

3 Hierdie inisiatief is in 2006 bekendgestel en is in samewerking met Total SA en FNB. <u>Hulle deel SANParke se visieverklaring</u>: "'n Volhoubare nasionale parkstelsel wat die samelewing verbind."

4 Besoek sanparks.org vir 'n volledige lys van die spesiale aanbiedings wat van toepassing is, asook die parke wat vanjaar <u>deelneem</u>.

**Verwerk uit: *Goeie Huishouding*, 10 September 2016**

4.1.1 Skryf die woord wat as aanwyser (determineerder) in die titel dien, neer. (1)

4.1.2 Korrigeer die spelfout in paragraaf 1. (1)

4.1.3 Gee 'n sinoniem vir die woord "gratis" in paragraaf 1. (1)

4.1.4 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die **toekomende** tyd. (1)


4.1.5 Verander “deelneem” in paragraaf 4 na ’n soortnaam. (1)

4.1.6 Gee die verkleiningsvorm van die woord “huishouding” aan die einde van die teks. (1)

**[6]**

**TEKS B: KAART**

4.2 Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die vrae wat volg.




**Aangepas vanaf:** http://www.krugerwildtuin.co.za/wadditional_pages.php

4.2.1 Identifiseer die woordsoort waaraan die woord “Phalaborwa” behoort. (1)

4.2.2 Skryf die enkelvoud van die woord “paaie” neer. (1)

4.2.3 Dui aan of die volgende sin ’n enkelvoudige of ’n saamgestelde sin is:

“By Tampoti se hoofkamp is daar daaglikse roetes wat deur besoekers gevolg kan word.” (1)

4.2.4 Dui die kern en die bepaler in die woord “staptoer” aan. (2)

4.2.5 Herskryf die volgende sin en onderstreep die gesegde:

"Kampers kan lekker piekniek hou." (1)

**[6]**

## TEKS C: TYDSKRIF – VOORBLAD

4.3 Bestudeer die onderstaande voorblad van die tydskrif noukeurig en beantwoord die vrae.




4.3.1 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede:

Piet sê: “Die panne wag vir jou.” (1)

4.3.2 Gee die afkorting vir “Oktober”. (1)

4.3.3 Skryf die stam van “maandelikse” neer. (1)

4.3.4 Waarvoor staan “digi” in die teks? (1)

4.3.5 Identifiseer die werkwoord wat in die volgende sin is.

“Kom stap tot in die Amfi-teater.” (1)

4.3.6 Haal die infinitief uit die onderstaande sin:

“Koop gerus die *Weg*-tydskrif om ’n onvergeetlike vakansie te kan beplan.” (1)

4.3.7 Sê of die volgende woord ’n samestelling of ’n afleiding is.

“treinspoor” (1)

4.3.8 Watter soort teks is bostaande voorblad? (1)

**[8]**

**VRAAG 4: [20]**

---

**GROOTTOTAAL: 60**